

# PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



MEI  
2014

## S.O.S – red ons gronde



Gronderosie is die stille kanker in Suid-Afrikaanse landbou – elke boer moet saamwerk om dit te voorkom!

**B**y die mees onlangse vergadering van die Graan SA Boere Ontwikkelingskomitee, het 'n besoekende professor van Australië kommentaar gelewer op die probleem van gronderosie wat hy waargeneem het op sy toer om opkomende boere te ontmoet in die landelike gebiede van Suid-Afrika en veral in KwaZulu-Natal. Dit is 'n massiewe probleem wat geïdentifiseer is as die stille kanker in Suid-Afrikaanse landbou en dit het min aandag geniet.

Die jaarlikse verlies aan grond in Suid-Afrika word geskat op 300 - 400 miljoen ton wat byna drie ton bogrond vir elke hektaar grond is. Om die voedingstowwe in die grond wat weggeswaw is, met kunsmis te vervang, sou sowat R1 000 miljoen beloop. Suid-Afrika se bewerkbare grond hulpbronne word bedreig met uitputting wat voedselsekuriteit en ontwikkelingsdoelwitte bedreig.

### Wat is gronderosie?

Gronderosie word veroorsaak deur die beweging van wind en water wat die grond verwijder van waar dit geleë is. Dit word 'n probleem wanneer menslike aktiwiteite die proses bespoedig. Wind en water word bygestaan deur twee faktore, naamlik: spoed – hoe vinniger, hoe meer grond en plantegroei verspoel – plante beskerm die grond, maar waar hulle verwijder is, kan wind en water meer skade doen en die bo-grond verwijder. Wanneer 'n reëndruppel die onbeskermde grond tref, het dit dieselfde uitwerking as 'n koeël. Dit maak die voedingsryke bo-grond los en die grondeeltjies word weggespoel en eindig gewoonlik op aan die onderkant van 'n helling, of in strome en riviere en word weggeschop na die see. Dit laat 'n swak gehalte grond agter, waar plante sukkel om te groei en veroorsaak dat die area woestynagtig word.

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende boere

### Lees Binne:

03 | 2014 Kongres:  
Die volgende generasie

04 | Stikstoftekort by mielies

07 | Instandhouding van stroppers voor oes



04



08



06





## OUMA JANE SÊ...

**O**ns was onlangs op die beoordingstoer vir die Boer van die Jaar kompetisie vir beide die Kleinhewe en Bestaansboere kategorieë. Wat 'n wonderlike ervaring! Ons kon sien dat daar toepaslike tegnologie vir boere op alle vlakke is – van  $\frac{1}{4}$  ha tot duisende hektaar.

In hierdie ontwikkelingsprogram, glo ons dat ons 'n wesenlike bydrae kan maak tot huishoudelike en nasionale voedselsekuriteit en ons boere bystaan om gebruik te maak van die mees moderne en produktiewe boerderypraktyke. Daar is 'n paar boere wat in staat is om huishoudelike voedselsekuriteit te verseker deur die aanplant van  $\frac{1}{4}$  ha mielies, terwyl hulle voorheen, voor dat hulle geweet het van moderne produksiepraktyke, 3 ha moes produseer en dan nie eens genoeg kon produseer vir eie gebruik nie. Dit is inderdaad 'n stap vorentoe om voedselsekuriteit vir ons land te verseker. Hierdie bestaansboere benodig een ton mielies per jaar – dit verseker hul stapelvoedsel en dan kan hulle ander gewasse plant vir addisionele voedsel. Sommige van hierdie boere het voorheen min gehad om te eet en nou is hulle in staat om stapelvoedsel te voorseen aan ander lede van die gemeenskap. Daar is duisende mense in Suid-Afrika wat toegang tot grond het (veral in die landelike gebiede) en tog het hulle nie voedselsekuriteit nie – dit is omdat hulle nie weet wat om te doen nie en hulle nie toegang tot moderne produksie-insette het nie. Indien ons al hierdie grond in produksie kon kry, kan ons lewens verander.

Aan die ander kant van die skaal is daar "ontwikkelende" boere wat nie meer "ontwikkel" nie – hulle is die Nuwe Era kommersiële boere. Hierdie boere produseer fantastiese gewasse op hul grond – hulle is volwaardige kommersiële boere wat 'n verskil maak aan nasionale voedselsekerheid.

Ons is trots om geassosieer te wees met hierdie boere wat optimale gebruik maak van die natuurlike hulpbronne tot hulle beskikking en voedsel vir Suid-Afrika produseer.

## S.O.S – red ons gronde

Grond neem miljoene jare om te vorm en is 'n nie-hernbare natuurlike hulpbron, as dit dus weg is, is dit vir ewig verlore. Omdat grond noodsaklik is vir boere om hul oeste te produuseer, is dit vanselfsprekend dat grond versigtig en verantwoordelik bestuur moet word. Grond is 'n lewende ding wat bestaan uit baie verskillende elemente en die tuiste van baie mikroorganismes, insekte en diere. Elke boer moet die eienskappe van die grond waarmee hy werk verstaan, asook die gesondheid van die grond monitor en die gevær van erosie uniek aan elke streek verstaan.

### Wat veroorsaak gronderosie?

Boerderypraktyke wat nie omgewingsvriendelik is nie, veroorsaak dat grond blootgestel en ontwig word, sodat hulle makliker weggewaai of weggespoel kan word. Enkele voorbeelde is:

- Oorbeweding en te veel vee dra by tot grond wat blootgestel is en wat hulle vatbaar maak vir erosie wat 'n algemene probleem, veral op kommunale weiding is wat dalk nie so goed bestuur word nie.
- Die hoeve van baie diere vernietig ook die grondstruktuer en stel dit bloot aan erosie, veral langs hul voetpaadjies en rondom waterpunte.
- Boerderytegnieke wat diep ploeg om jaarliks gewasse te produseer, kan problematies wees, veral waar daar geen vegetatiële materiaal is om die oppervlak van die grond te beskerm nie. Dit is algemeen in Suid-Afrika, omdat vee dikwels vry oor landerye rondloop en elke laaste stukkie plantmateriaal wat oorbly nadat die gewasse geoës is, opvreet.
- Oorbewerking en kompaksie veroorsaak dat die grond sy struktuer en bindingseienskappe verloor en daarom kan dit makliker verspoel.
- 'n Mono-verbouingstsel wat nie enige vorm van wisselbou insluit nie.
- Waar daar geen kontoere langs die helling van 'n heuwel is nie, of aanplantings wat gedoen is teen hellings in plaas van langs die kontoe.
- Hoe steiler die helling, hoe groter sal die neigheid tot erosie wees, want die water sal vinniger vloeи.

### Die belangrikheid van plante en grasveld

Organiese materiaal is soos die gom wat die grond saambind.

- Plante vertraag waterafloop en stel die reën in staat om in te trek in die grond waar gewasse verbou sal word.
- Die wortels van plante hou die grond in plek

sodat dit nie maklik weggespoel kan word nie.

- Die plante beskerm die grond sodat die reën-droppels nie die grond so hard tref nie en die verminderde impak beteken minder grondversteuring en minder waarskynlike verspoeling.
- Plante in vleiland en rivieroewers bind die grond en verhoed dat die water vinnig vloeи en waterlope verspoel.

Die verlies aan plante deur oorbeweding, ontbossing, ploeg en vure stel grond meer bloot en maak dit kwesbaar sodat dit weggevoer kan word deur wind en water. Sodra die voedingstofryke bo-grond weg is, kan plantlewe nie floreer nie en die resultaat is 'n proses van grond wat in woestyn verander. Dit is baie moeilik, indien nie onmoontlik nie, om hierdie situasie om te keer en woestynagtige grond te herstel.

### Hoe kan ons gronderosie voorkom?

Terwyl daar 'n paar probleem is wat deur die politici aangespreek moet word, soos grondbesit en gemeenskaplike bestuur, is daar beslis bestuursbenaderings wat beïnvloed kan word deur wyse boere wat boer met die toekoms in gedagte.

- Gebruik ploegtegnieke al langs die kontoerlyn.
- Ondersoek die moontlikheid van minimum of geen-bewerkingsboerdery.
- Beoefen wisselbou.
- Plant windbreke – gebruik inheemse bome en bosse.
- Laat ongeploegde grasstroke tussen geploegde lande.
- Maak seker dat daar altyd "goeie" plante op die lande groei, nie onkruid nie.
- Maak seker dat die grond ryk is aan verrotte materiaal. Mikro-organismes in die grond veroorsaak dat plante en blare ontbind en voorsien lewewegende voedingstowwe in die grond wat boere se uitgawes verlaag deur 'n afname in bemestingskoste.
- Vermy oorbeweding en te veel vee.
- Plant inheemse plante langs waterlope en moedig biodiversiteit aan deur die bevordering van verskillende tipes plante en bosse.
- Help om natuurlike vleiland te bewaar.
- Breek die vloeи van die water waar dit reeds gevestigde lope het deur die plasing van stompe, gepakte klippe of ou buitebande.
- Doen alles moontlik om saam te werk met ander boere in jou omgewing om erosieslote te herstel en te rehabiliteer.

**Aritikel versaf deur Jenny Mathews,  
Pula/Imvula medewerker. Vir meer  
inligting, stuur 'n e-pos na  
[jenjonmat@gmail.com](mailto:jenjonmat@gmail.com).**



# 2014 KONGRES:

## Die volgende generasie

**O**ns het in die reën gearriveer, uit die noorde, die ooste, die suide en die weste. Of jy nou 'n winter of 'n somer graanboer is – reën is altyd welkom!

Die gesindheid was positief en dit het baie energie meegebring. Ek was ook beïndruk met die erns waarmee aktuele sake benader is. Ten spyte van goeie boerderytoestande, was die manne en vroue gefokus op die oplossing van die kwessies van die dag. Die tema, Die Volgende Generasie, was vir almal relevant. As jy nie deel is van Generasie Y nie, moet jy weet hoe hulle dink, sodat jy hulle kan lei na volwassenes wat op hulle beurt kos vir hulle geslag en hulle opvolgers kan produser. Dit was 'n baie vars benadering.

Wat vir my merkwaardig was, was die graad van verantwoordelikheid waarmee insetverskaffers die toekoms benader. Natuurlik kan jy ook geld maak indien jy hierdie uitdagings aanvaar, maar om doelwitte te stel soos om opbrengste te verdubbel teen 2030 en insette wat moet afneem met 33%, wil gedoen word. Ek het gehoor dat leiers in die insetbedryf dieselfde kommer as boere uitspreek oor 'n wêreld wat 'n reuse voedselsekuriteitskrisis in die gesig staar. Soms droom ek van 'n regering wat dieselfde dringendheid in sy optrede wys. Praat en beplanning sal niemand se bord vol kos maak nie. Ek is ook opgewonde om te

verneem dat daar reeds planne in plek is om ons te help met hierdie enorme taak, maar behalwe vir die voorspellings oor klimaatsverandering, het ek nie dieselfde warm gevoel gekry oor wat ons sal moet doenwanneer die weer nie meer saamspeel nie. Dit is 'n saak wat nog werk nodig het.

Die aanbieding oor Generasie Y, (mense wat gebore is tussen 1981 en 2000) was iets wat almal nodig gehad het om hierdie groep mense beter te verstaan. Dit was ook lekker om die wêreld te wys hoe sommige van ons plaaswerkers lyk wanneer hulle nie oorpakke dra nie, maar 'n groot bydrae tot voedselsekuriteit maak. Plaaswerkers met diplomas en grade in die landbou is waarskynlik 'n bedreiging vir sommiges in die georganiseerde landbou!

Die kongres het ook nuwe terminologie die lig laat sien. In sy verwelkomingstoespraak het die vise-voorsitter, Victor Mongoato, in die verbygaan verwys na ontwikkelende kommersiële boere. Hierdie groep boere is al so baie name genoem net om die rassekressie te vermy, maar hierdie naam het in my gedagtes vasgesteek. Dit sê iets oor die proses waarby hulle betrokke is, maar ook oor hul finale doelwit. Die ander term wat ek opgetel het in een van die gesprekke met ons internasionale gaste, was die Oostelike Halfrond. Dit verwys na Afrika, Asië en die Midde-Ooste. Missien nie in so 'n reguit lyn as wat ons gebruik met

die Noordelike en Suidelike Halfrond nie, maar baie belangrik as dit kom by graanverbruik. Die Oostelike Halfrond is baie groot en sal baie groei binne die volgende 5 tot 10 jaar met betrekking tot graanverbruik. Die laaste nuwe term wat ek geleer het, was datawetenskap. Ek het besef dat al die wetenskaplike data wat op ons produsente gestort word, baie verwerking en interpretasie benodig voordat dit omgeskakel kan word na bestuursinsligting wat boere help om besluite te neem. Graan SA sal beslis ons vermoë in hierdie veld moet uitbrei om ons boere te help om al die data te omskakel in 'n formaat wat sal help om besluitneming te faciliteer.

Dit was ook bemoedigend en 'n mosie van vertroue dat die graanprodusente self besluit het om hul organisasie behoorlik te financier deur die verhoging van die vrywillige heffing. Dit is 'n voorbeeld van sterk leierskap wat omgeskakel word in dade, deur die nalatenskap van iets waarop ons en die volgende generasie trots kan wees. Ons sien uit na 'n uitstekende seisoen en sterk groei in die graanmark. Baie dankie aan almal wat bygedra het tot ons nuwe rigting en die feit dat ons die toekoms met vertroue kan ingaan.

**Artikel verskaf deur Jannie de Villiers,  
Hoof Uitvoerende Beamppte van Graan SA.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos  
na [jannie@grainsa.co.za](mailto:jannie@grainsa.co.za).**

# Stikstoftekort by mielies



'n Gesonde mieliekop in vergelyking met twee ander koppe wat 'n stikstoftekort toon.



Gesonde blare in vergelyking met blare met 'n stikstoftekort.



Let op dat die voorste punt van die kop afgespeen het, dit sal laer opbrengs tot gevolg hê.

**E**n van die baie belangrike funksies van 'n boer is om sy gewasse deurlopend te evalueer vir moontlike probleme. Hierdie kan op enige stadium van die mieliegroeitydperk ontstaan, die mees kwesbare stadium is egter vanaf ontkieming tot ongeveer middellyf hoogte. Dit is ook die tydperk waar iets nog gedoen kan word om die probleem te bekamp.

Een van die probleme waarvoor boere altyd op die uitkyk moet wees, is voedingstekorte in hul gewasse. Voedingstekorte kom gewoonlik voor as gevolg van lae vlakke van voedingstowwe in die grond, maar dit is egter nie die enigste oorsaak van hierdie kwessies nie. In hierdie artikel sal ons kyk na stikstoftekort by mielies. Dit is een van die mees algemene voedingstekorte wat ons sien in mielielande en ook een van die mees skadelike indien dit nie aangespreek word nie.

## Identifisering van stikstoftekort

Daar is tale simptome waaroor jy moet uitkyk wanneer jy vermoed dat daar 'n stikstoftekort is. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat stikstof 'n beweeglike voedingstof in 'n plant is en soodende sal die simptome altyd begin op die ouer blare wat laer af naby aan die grond is. Die eerste teken wat jy sal sien is 'n geel V-vormige patroon, hierdie patroon loop vanaf die punt van die blaar tot by die kraag van die blaar. Soos dit vorder, sal die punt bruin begin verkleur en uiteindelik afdroog.

## Wat veroorsaak stikstoftekort?

Die belangrikste oorsaak is 'n voedingstoftekort in die grond. Dit moet verbeter word deur korrekte bemestingstoediening. Indien daar egter verkeerde of onvoldoende kunsmistoediening was, kan die probleem ontstaan. Nog 'n algemene oorsaak van stikstoftekort is kompaksie. Dit is veral algemeen waar diere op die lande gelos word om die reste na oes te bewei. As gevolg van kompaksie, is daar verhoogde afloop en verlaagde penetrasie van water in die ondergrondvlak, dus sal daar beduidende logging plaasvind wat voedingstowwe uit die bogrond verwyder. Veranderlike groeitoe-

stande kan ook stikstoftekorte veroorsaak. Indien weerstoestande koud en die grond versadig is, is dit gunstige toestande vir stikstoftekorte om voor te kom. Dikwels sal jy die probleem sien by mielies wat baie vroeg in die seisoen geplant is.

## Hoe kan ons stikstoftekorte voorkom?

Die beste manier om hierdie probleem te voorkom, is om dit te bekamp vanaf die beginstadiums van jou plantseisoen. Kry akkurate grondmonsters wat geneem is van al jou lande en getoets is by 'n betroubare laboratorium. Sodra jy jou monsteruitslag ontvang het, is dit belangrik om akkuraat daarvolgens te bemes. Dit sluit in om seker te maak dat jou Ph vlakke korrek is. Grondsuurheid kan die beskikbaarheid van voedingstowwe aan plante beïnvloed.

Om dit makliker te maak, kan jy die hulp van 'n plaaslike kunsmisverteenvoerwaardiger vra. Die volgende stap is om seker te maak dat weerstoestande ideaal is vir plant. Die ondergrond moet goed en klam wees vir die saad om te ontkiem en vir die kunsmis om op te los en gereed te wees om deur die wortels opgeneem te word wanneer hulle ontwikkel. Wanneer jy jou topbemesting later in die seisoen toedien, is dit belangrik om 'n ogie te hou oor die weervoorspelling, omdat jy nie enige groot donderstorms wil hê net nadat jy dit toegedien het nie, dit kan lei tot uitloping indien dit afloop te sterk is.

## Hoe om stikstoftekorte te behandel

Die beste manier om die probleem te hanteer, is om die tekort in die grond reg te stel. Die beste tyd om die probleem te hanteer, is so gou as jy begin sien dat die punte van die korter plante begin vergeel. Dien onmiddellik 'n goeie dosis kunsmis met 'n hoë konsentrasie stikstof toe, soos LAN of MAP. Indien dit gebeur voor pluimvorming, is daar 'n goeie kans dat die oes sal herstel. Maar indien dit te laat gelos word, sal daar beduidende gevole gedurende oestyd wees.

## Gevolle

Indien hierdie probleem onbehandel gelaat word, sal daar talle probleme met verloop van tyd ontstaan.

# Graan SA

## voer 'n onderhoud met...

### Michael Ramoholi



**Die punt van die blaar met 'n stikstoftekort begin afdroog en dit sal veroorsaak dat minder fotosintese in die plant plaasvind.**



**Die geel V-vormige patroon op die blaar met 'n stikstoftekort.**

Die mieliestronke sal dun en swakker word. Dit sal 'n probleem wees wanneer die gewas winderige toestande ervaar. Dit sal ook veroorsaak dat die kop die pitte by die punt van die kop sal afspeen wat lei tot laer graanopbrengs. Daar sal aansienlik minder droë materiaal wees wat die hoeveelheid reste wat beskikbaar is vir weiding vir die diere in die winter, verminder. Die algehele plant sal 'n afname in fotosintese kapasiteit toon, wat oor die algemeen sal lei tot 'n swak algehele plant.

Stikstoftoediening het 'n beduidende effek op 'n plant se groei en ontwikkeling en is dit dus noodsaaklik om seker te maak dat die stikstofvlakte korrek is voordat 'n gewas geplant word. Wanneer jy die eerste tekens van stikstoftekort sien, is dit belangrik om vinnig op te tree en dit te probeer regstel voordat dit te laat is om in die lande te kom.

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,  
Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer  
inligting, stuur 'n e-pos na gavmat@gmail.com.**



Hierdie maand voer Johan Kriel, ons Ladybrand Ontwikkelingskoördineerder, 'n onderhoud met Michael Ramoholi, wat tussen Bloemfontein en Welkom in die Theunissen distrik boer. Hierdie praktiese boer glo dat kennis die sleutel tot sy sukses is en dat jong aspirantboere moet besef dat boerdery die toekoms is.

#### Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Ek boer in die Theunissen distrik in die Masilon-yana Plaaslike Munisipaliteit, die Lejweleputswa Distriksmunisipaliteit in die Vrystaat. My plaas is 214 hektaar groot, waarvan 115 hektaar landbougrond en 99 hektaar natuurlike weiding is. Omdat die plaas so klein is, huur ek 277 hektaar hoë potensiaal landbougrond van die Welkom munisipaliteit. Ek plant mielies en sonneblom en het vleisbeeste.

#### Wat motiveer/inspireer jou?

Die liefde vir die grond inspireer my. Om saad in die grond te plant en dan te kyk hoe die oes groei, asook om die oes in te bring, motiveer en inspireer my.

#### Beskryf jou sterke-en swakpunte

Ek is vasberade om 'n sukses van alles wat ek aanpak in die lewe, te maak. Ek werk hard, ek is 'n sakeman en ek het uithouvermoë. Ek maak klaar wat ek begin het. Wanneer ek val, sal ek sterker opstaan. Ongelukkig maak onbevoegdheid, stadige prosesse en mense wat nie hul beloftes hou nie, my moedeloos.

#### Wat was jou oesopbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengs nou?

Toe ek gewasse begin plant het, was my opbrengs so swak dat ek die beeste op die lande gesit het. Ek is nou 'n lid van die Graan SA 500 Ton klub en het meer as 4 ton/ha mielies en 1,8 ton/ha sonneblom geoes.

#### Wat dink jy is die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Die verkryging van kennis het die meeste bygedra tot my sukses. Die Graan SA Studiegroep vergaderings, boeredae en ondersteuningsbeesoek op die plaas het my gehelp om my foute te beperk. Jy moet ook 'n praktiese bestuurder op die plaas wees.

#### Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sal jy graag nog wil bywoon?

Ek het die Inleiding tot Mielies en Sonneblom, Gevorderde Mieliekursus, Trekker en Implement Instandhouding, Kontrakteurskursus en Plaashulpbron en Beplanningskursusse gedoen. Ek het ook my plaaswerkers gestuur op opleidingskursusse om hulle die kennis te gee wat hulle nodig het om waarde toe te voeg tot ons boerdery. Opleiding kan nooit ophou nie, ek sal aanhou leer.

#### Waar sien jy jouself oor vyf jaar?

#### Wat sal jy graag wil bereik?

Oor vyf jaar wil ek 'n onafhanklike, suksesvolle, volwaardige kommersiële boer wees. Ek wil graag hê my familie en medeboere moet opkyk na my en trots wees op die voorbeeld wat ek gestel het.

#### Watter raad het jy vir jong aspirantboere?

Kom besoek my op my plaas en sluit aan by die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere om te sien en te besef dat boerdery die toekoms is.

**Artikel verskaf deur Johan Kriel,  
Ontwikkelingskoördineerder van die  
Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere.  
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos  
na johank@grainsa.co.za.**



# Het jy hierdie seisoen se oesskattings geëvalueer?

**D**ie klimaatstoestande wat ondervind is dwarsdeur die belangrikste mielieproduserende areas vir die huidige produksieseisoen van 2013/2014, het gewissel van uiterste droogte voor, of tydens plant, laat somerreën, 'n baie warm en baie droë tydperk na plant, met goeie reën wat ontvang is vanaf middel Januarie 2014.

Reënval in baie distrikte was sporadies met sommige plase wat genoeg reën ontvang het om te plant, terwyl van hulle bure baie min ontvang het. Sommige gebiede het oormatige reën ontvang en die gevolge van oeste wat versuip het, kan potensieel goeie oeste in hierdie gebiede verlaag.

Sommige gewasse wat binne 'n week groot skade as gevolg van die droogte sou ly, het gelukkig genoeg herstel om moontlike rekordopbrengste te haal.

## Nasionale mielieoesskattings

Die Oesskattingskomitee (NOK) sit van tyd tot tyd om 'n nasionale oesskatting te maak van satellietbeelde, lugfoto's en mieliesskattings op lande wat geplant is.

Die skattings tydens oestoestande aan die einde van Februarie toon dat 'n gebied van sowat 1,531 miljoen hektaar wit mielies geplant is. Teen 'n gemiddelde opbrengs van 4,28 ton sal die verwagte oes 6,548 miljoen ton wees.

Dit is 'n 18% styging teenoor verlede jaar se produksie.

Die geel mielieoes word geskat op 5,854 miljoen ton van die 1,137 miljoen hektaar aangeplant teen 'n gemiddelde opbrengs van 4,65 ton per hektaar.

Dit is 'n algemene gevoel dat 'n moontlike afname in die hoë potensiële opbrengs tydens baie nat toestande in die oostelike produksieareas gebalanseer sal word deur die hupstoot van goeie reën wat mielies ontvang het wat later geplant is in die westelike produksiegebiede.

## Safex termynmarkprys

Die Safex termynbeurs is 'n baie nuttige handelsmechanisme wat alle boere en gebruikers van wit en geel mielies help om 'n markverwante prys vir die huidige en toekomstige waardes van oeste te bekom.

Die hoë prys wat mielies behaal het in die tydperk Januarie tot April 2014 van ongeveer R3,300/ton, weerspieël die tekort aan voorrade en onsekerheid vir aanbod in die lig van die uitgerekte droogte in die vroeë seisoen in baie produksieareas. Gelukkig vir die toegevoegde waarde nywerhede soos voerverskaffers vir diereverbruik en meulenaars van wit mielies vir menslike gebruik, sowel as die verbruikers van hierdie produktes, het die termynmarkprys verminder tot sowat R2,400/ton vir Mei 2014.

Die termynmarkprys vir wit mielies vir Julie 2014 afleverings is sowat R2,130/ton en R2,220 vir geel mielies. Die byna 280,000 kontrakte verhandel vir Junie 2014, toon 'n hoë vlak van aktiwiteit wat deur boere en handelaars wat die algemene verbeterde heersende klimaatstoestande en aanbod toestande in ag geneem het. Al die faktore wat gekombineer is, het 'n markwaarde met behulp van al die huidige vraag en aanbod parameters vasgestel vir hierdie baie belangrike strategiese produk. Dit blyk dat die prys moet stabiliseer op sowat R2,200 vir die meeste van 2014 en in 2015.

## Mielieopbrengs vir elke boer

Nadat hy na die breë nasionale prentjie gekyk het, moet elke boer 'n evaluering maak hoe hierdie seisoen sal verloop. Ontwrigting gedurende planttyd as gevolg van droogte, harde reën op mielies wat pas geplant is en algemene klimaatstoestande wat ondervind word, sal verskillend vir elke boer wees.

Die laer toekomstige prys vir mielies, sal die geprojekteerde inkomste in jou sakeplan beïnvloed. 'n Akkurate beoordeling van die waarskynlike opbrengs op jou mielielande sal help met oesbedrywighede, insluitend droog, stoor en effektiewe bemarking van 'n moontlike rekordoes.



Jou opbrengsevaluering sal meer akkuraat wees sodra jou gewas volwassenheid bereik.

## Skatting van mielieopbrengs op jou plaas

Die uiteindelike opbrengs wat op jou plaas gerealiseer gaan word, kan deur verskeie metodes geskat word, maar al die berekeninge word beïnvloed deur die finale plantpopulasie per hektaar, koppe per plant en dus per hektaar, pitte per kop en die gemiddelde pitgewig.

Elke boer sal 'n idee hê van vorige ondervinding hoeveel massa mielies hy in die praktyk gerealiseer het; van klein tot groot koppe. Graan van kopgewig kan wissel van 100 gram vir klein tweede koppe op mielies, tot 300 gram vir plante met groot enkele koppe.

Hoe meer die gewas volwassenheid bereik, hoe meer akkuraat sal die evaluering van jou opbrengs wees.

Onthou dat die pitdiepte en digtheid voortgaan om toe te neem tot die swart laag in die pitte gevorm is.

### Vinnige berekening en skatting vir mielies

Daar is so baie veranderlikes wat die finale opbrengsbepaling beïnvloed. Die koppe kan meer akkuraat geweeg word op pad na en by volwas- senheid.

Die aannames vir beraamde kopgewig wat gebruik word as 'n voorbeeld, kan soos volg wees:

- Groot koppe – 210 gram;

- Medium koppe – 180 gram; en
  - Klein koppe – 150 gram.
- (Hierdie aanname is gebaseer op die feit dat pitte kan wissel van ,25 van 'n gram tot ,35 van 'n gram. 'n Gemiddeld van ,30 van 'n gram is aanvaar).

- Meet rywydte – die rywydtes wat gebruik word, kan in die algemeen 1, 5, 0,90 of 0,70 meter wees.
- Kies punte lukraak in rye op minstens tien verteenwoordigende kolle in die land.
- Meet die volgende rylengte vir die verskil-lende ryspaspies hierbo en tel die aantal koppe. Die toepaslike lengte van rye verteenwoordig 1/1 000 van 'n hektaar.
  - 1,5 meter rye – meet 6,7 meter met 'n maatband.
  - 0,90 meter rye – meet 11,1 meter met 'n maatband.
  - 0,70 meter rye – meet 14,3 meter met 'n maatband.
- Tel die aantal koppe op hierdie afstand van al die plante wat in die ry teenwoordig is. Tel die aantal koppe wat op tien plekke gevind is bymekaar en deel dan deur tien om die gemiddelde koppe te kry op die rye wat gemeet is.
- Skat die gemiddelde grootte van die koppe op die plante. In 'n goeie jaar sal die eerste en tweede koppe groot tot medium wees. In 'n gemiddelde jaar sal die tweede koppe klein wees.

- Vermenigvuldig die aantal koppe wat in die ry gevind is, met die gemiddelde geskattewig. Deel die antwoord deur 1 000 om 'n syfer te kry vir opbrengs per hektaar.

- Trek 10 % af vir oesverlies om jou die verwagte opbrengs per hektaar te gee.

Byvoorbeeld, gegewe 'n rywydte van 0,90 meter, 'n afstand van 11 meter, 'n koptelling van 22 en 'n gemiddelde medium kopskattung van 180 gram, sal die berekening as volg wees:

$$(22 \text{ koppe} \times 180 \text{ gram} \times 90\%) / 1\ 000 = 3,56 \text{ ton/ha finale opbrengs.}$$

- Teen 'n gemiddelde kopgewig van 210 gram sal die opbrengs 4,15 ton/ha wees.
- Teen 33 koppe per 11 meter teen 210 gram per kop sal die opbrengs 6,20 ton/ha wees. Indien koppe akkuraat geweeg kan word, sal die opbrengsbepaling meer sinvol wees.

### Opsomming

Gebruik die Safex pryse minus jou silo differensiaal en 'n goed berekende oesskattung om te bepaal hoeveel mielies jy sal hê om te oes, stoor en verkoop en die potensiële totale inkomste wat uit jou mielieoes gerealiseer kan word.

**Artikel verskaf deur 'n afgetreden boer.**

# Instandhouding van stroopers voor oes

**D**ie oesseisoen vir die 2013 - 2014 sonneblom, sojaboon en sorghum gewasse sal binnekort 'n aanvang neem vir kultivars wat vroeg geplant is.

Die meeste van die produksiegebiede ervaar 'n mengsel van uiterste droogte aan die begin en halfpad deur die optimale planttydperke. Gelukkig is genoeg reën gedurende die einde van Januarie en Februarie ontvang om 'n bo-gemiddelde oes in baie produksiedistrikte te verseker.

Indien jy nie jou eie strooper of oestoerusting het nie, maak seker dat jy 'n stroperkontrakteur gekontak het. Dit is belangrik om 'n oorsig aan die kontrakteur te gee wat die presiese areas van elke gewas op jou plaas is en die moontlike tyd wanneer hy gereed moet wees om elke gewas te stroop. Hou in gedagte dat sommige kontrakteurs spesialiseer in een of twee gewasse. In hierdie geval moet jy beplan om spesifieke kontrakteurs te gebruik vir spesifieke gewasse. Grootmaat sleepwaens of vrugmotors moet ook byderhand wees om

die graan in grootmaat vanaf die strooper te ontvang en na jou eie bergingsfasilitet of kommersiële silo te vervoer.

Indien jy jou eie oestoerusting gebruik, moet die masjiene deeglik in stand gehou word lank voordat dit benodig sal word wanneer die gewasse fisiologies ryp is.

### Instandhouding

Behoorlike instandhouding en diensaanpassings van alle aspekte van die strooper, van die enjin, die tafeleenheid of eenhede vir verskillende gewasse en dorsmekanismes moet deur 'n intensiewe inspeksie en toetsing van al die komponente voltooi word. Indien daar baie bewegende dele en versteekte laers in 'n strooper is, kan dit 'n uitdagende taak wees wat nie korrek op die laaste minuut gedoen kan word nie.

Duur herstelwerk, voortydige slytasie en die verlies aan kosbare strooptyd kan verminder word indien die strooper behoorlik in stand gehou en verstel word.

**“ Duur herstelkoste, voortydige slytasie en verlies aan kosbare oestyd kan verminder word in die die strooper behoorlik instand gehou en verstel word.**

Raadpleeg altyd die operatorshandleiding vir inspeksie en instandhouding deur verwysing na die spesifieke instandhoudingsintervalle vir die verskillende dele van die masjiene. Die handleiding sluit gewoonlik 'n totale kontrolelys van komponente in. Dit is wys om 'n gedetailleerde logboek van instandhouding wat gedoen is, ure gewerk, die onderdele wat vervang is en die koste daaraan, te hou. 'n Mens kan dan terugverwys om te sien wanneer 'n komponent vervang is en of dit om een of ander rede gou ingegee het. Indien jy nie 'n handleiding het nie, vra die vervaardiger om een vir jou te bestel. Handleidings kan ook van die internet afgelaai word.

## Redaksie

### GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324  
Collinsstraat 7, Arboretum  
Bloemfontein  
► 08600 47246 ◀  
► Faks: 051 430 7574 ◀ [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)

### HOOFRDAKTEUR

Jane McPherson  
► 082 854 7171 ◀ [jane@grainsa.co.za](mailto:jane@grainsa.co.za)

### REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel  
► 084 264 1422 ◀ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)

### ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks  
► 018 468 2716 ◀ [www.infoworks.biz](http://www.infoworks.biz)



### PULA IMVULA IS BESIKBAAR IN DIE VOLGELDE TALE:

Afrikaans,  
Engels, Tswana, Sesotho,  
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

### Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

#### ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Danie van den Berg  
Vrystaat (Bloemfontein)  
► 071 675 5497 ◀ [danie@grainsa.co.za](mailto:danie@grainsa.co.za)

#### Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)  
► 079 497 4294 ◀ [johank@grainsa.co.za](mailto:johank@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

#### Jerry Mithombothi

Mpumalanga (Nelspruit)  
► 084 604 0549 ◀ [jerry@grainsa.co.za](mailto:jerry@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

#### Naas Gouws

Mpumalanga (Belfast)  
► 072 736 7219 ◀ [naas@grainsa.co.za](mailto:naas@grainsa.co.za)

#### Jurie Mentz

KwaZulu-Natal (Vryheid)  
► 082 354 5749 ◀ [jurie@grainsa.co.za](mailto:jurie@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 034 980 1455 ◀ Sydwell Nkosi

#### Ian Househam

Oos-Kaap (Kokstad)  
► 078 791 1004 ◀ [ian@grainsa.co.za](mailto:ian@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

#### Lawrence Luthango

Oos-Kaap (Mthatha)  
► 076 674 0915 ◀ [lawrence@grainsa.co.za](mailto:lawrence@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 047 531 0619 ◀ Cwayita Mpotyi

#### Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)  
► 084 264 1422 ◀ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 012 816 8057 ◀ Melercia Kotze

#### Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)  
► 082 877 6749 ◀ [dutoit@grainsa.co.za](mailto:dutoit@grainsa.co.za)  
► Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

#### Vusi Ngesi

Eastern Cape (Maclear)  
► 079 034 4843 ◀ [vusi@grainsa.co.za](mailto:vusi@grainsa.co.za)  
► Kantoor ◀ Sally Constable

## INSTANDHOUDING

# Instandhouding van stroopers voor oes



*'n Stroper wat goed instand gehou word, sal verseker dat jou oes betyds en effektiel ingesamel word.*

### Algemene instandhouding

'n Paar wenke om te oorweeg vir behoorlike en gereelde instandhouding, word hieronder uiteengesit:

1. Hou altyd die masjien skoon. Voordat 'n masjien aangeskakel word, moet plantmateriaal, modder en oortollige ghries en olie uit die masjien verwyder word. Vogobou op enige parte moet ook vermoe word.
2. Maak seker dat moere, skroewe, skermplate en alle plaatmetale styf in plek is. Los skermplate kan loskom as gevolg van vibrasie en verdere skade aan bewegende dele en die operateur veroorsaak.
3. Inspekteer die stroper voor die aanvang van elke dag.
4. Hou instandhoudingsrekords.
5. Moenie die masjien misbruik deur oorlading, rowwe hantering, of stroop teen 'n spoed wat te vinnig is vir die terrein of oesopbrengs nie.

### Ander komponente

'n Gedetailleerde inspeksie en verstellings of herstelwerk moet op 'n sistematiese wyse gedoen word. As jy nie die gedetailleerde meganiese herstelwerk self kan doen nie, tref tydige reëlings met die verskaffer of bevoegde werktuigmindiges om die masjien deur te gaan. Moderne stroopers het baie elektronika en elektronies gekoppelde

hidrouliese olieklepbeheerders wat die aandag van opgeleide persone vir behoorlike verstelling en instandhouding verg.

Die volgende komponente moet in detail nagegaan word:

1. Enjin en ratkas.
2. Plukkerkop of verskillende plukkerkoppe vir mielies of sonneblom en verstellings wanneer dit aan die stroper geïnstalleer word.
3. Hoof platform verstelling.
4. Instandhouding van die dorseenheid te einde maksimum dorsaksie van die graan van die gewasmateriaal te verseker.
5. Skei-eenheid.
6. Sif-eenheid – alle belde en katrolle en smering.
7. Graanhanteringseenheid.
8. Wiel en spoor onderhoud.
9. Belde en kettingonderhoud.

'n Stroper wat goed instand gehou en herstel is, sal 'n plesier wees om in 'n land met 'n hoë opbrengs gewas te sit en die tydige en doeltreffende insameling van jou waardevolle oes verseker.

**Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.**



HIERDIE PUBLIKASIE  
IS MOONTLIK GEMAAK  
DEUR DIE BYDRAE VAN  
DIE MIELIETRUST